Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om Omgewingsopvoeding te kan beskryf en te kan toepas, asook probleemoplossingsmetodes, konsepvorming en onderrig-leertegnieke in Geografie te kan bespreek.

GKLG 521 GEVORDERDE KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE (16 krediete)

3 uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om by Klimatologie die weerversteurings, plaaslike weersverskynsels, stedelike klimaat en klimaatsklassifikasie te kan bespreek. By Geomorfologie die interne en eksterne kragte wat die aarde verander te kan beskryf asook die vorming van grond, grondprofiel en fisiese kenmerke van grond te kan bespreek.

Prakties: Leerders moet kan demonstreer dat hulle kwantitatiewe bewerkinge kan toepas.

GSGK 511 VAKMETODIEK VAN GEOGRAFIE A (16 krediete)

3 uur 40:60

Na die voltooiing van hierdie module behoort die onderwysleerders te kan demonstreeer dat hulle die nodige kennis, vaardighede, gesindhede en waardes bemeester het om die Uitkomsgebaseerde benadering vir Geografie te kan toepas, asook die gebruik van atlasse, hulpmiddels, ekskursies en werkskaarte in Geografie te kan bespreek.

GSTK 511 TOEGEPASTE GRONDSLAESTUDIES: SPESIALISERING (8 krediete)

1½ uur 40:60

Aan die einde van die module moet die student in staat wees om: 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van onderwys in Suid-Afrika te beskryf; gefundeerde (vanuit 'n Bybelse perspektief) antwoorde te formuleer op die grondvrae oor opvoeding en onderwys; die mens in opvoeding en onderwys vanuit 'n bybelse perspektief te kan beskryf / beredeneer; die rol wat verskillende samelewingsverbande in opvoeding en onderwys speel te kan beskryf; die huidige praktyk van opvoeding en onderwys te kan evalueer en voorstelle ter verbetering te kan formuleer.

GSTK 521 TOEGEPASTE GRONDSLAESTUDIES: SPESIALISERING (8 krediete)

1½ uur 40:60

Aan die einde van die kursus moet die student in staat wees om die grondbeginsels van opvoeding en onderwys en opvoeding (soos in GST411 bestudeer) binne die bepaalde spesialiseringrigtings te kan toepas ten einde vakfilosofiese standpunte te kan formuleer.

GTOK 521 ONDERWYSGERIGTE LITERÊR-TEORETIESE TEKSONTSLUITING (16 krediete)

3 uur 40:60

Die student behoort in staat te wees om gekose (veral skoolprogramverwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres (insluitend jeugliteratuur) as literêre tekste te kan ontsluit ten einde leerders binne die skoolsituasie tot begrip van en waardering vir sodanige tekste te kan lei; bewys te lewer van kennis van en waardering vir Afrikaanse tekste vanuit en oor verskillende subkulture binne die Afrikaanse taalgemeenskap en oor die vaardigheid te beskik om soortgelyke tekste binne die skoolprogram as leer materiaal te ontgin.

KPOK 521 'N STUDIE VAN PROGRAMME VIR ONDERRIGKOMPENSERING (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders kennis, vaardighede en 'n waarde-oordeel te kan demonstreeer op die terrein van 'n verskeidenheid prosedures, programme en projekte vir milieu – gestremdes met die doel om kompensering te bewerkstellig. Die leerder moet ook in staat wees om kompensatoriese maatreëls te tref en aanpassings te maak in 'n multikulturele opset. Vaardighede in akkomodasie metodes word gedemonstreeer.

KVBK 521 KOMMUNIKASIE EN VOLWASSENE ONDERWYS (16 KREDIETE)

3 uur 40:60

Leerders behoort toegerus te wees om hulle kennis, vaardighede en waardes te demonstreeer ten opsigte van basiese kommunikasiebeginsels, mondelinge kommunikasie soos onderhoude en aanbiedings, korrespondensie soos sakebriewe en curriculum vitae, verslae, vergaderings en vergaderingprosedure, sowel as massamedia en advertensie.

LMOK 521 ONTWERP EN ONTWIKKELING VAN LEERMATERIAAL (8 krediete)

1½ uur 40:60

Foundational competence: The demonstrated understanding of: facilitation and learning principles underpinning learning materials; the use of language as a medium of learning; principles of material design and development related to copyright and acknowledgement of sources; ways of integrating required learning outcomes with needs, knowledge and experience of target learners.

Reflexive competence: The demonstrated ability to: critically evaluate the suitability of existing materials and adapt where appropriate; evaluate materials in terms of meeting required learning outcomes and appropriateness to a target group of learners; evaluate materials on an ongoing basis.

Practical competence: The demonstrated ability to consider a range of options and make decisions about: sequencing learning activities starting from learner's contextual knowledge and moving to less familiar areas; selection of appropriate learning media for specific target groups of learners; designing materials to be accessible as well as gender and culture sensitive; learner and facilitator support needed to use the materials; developing a course or learning programme for specific learning outcomes.

LRTK 521 LEWENSORIËTERING EN VERKEERSVEILIGHEID (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van die module sal die leerder beskik oor die kennis, vaardigheid en insig om te kan presteer op die gebied, lewensoriëntering en die verwante sosio-pedagogiese aspekte wat verkeersveiligheid raak: eienskappe van die samelewing, familie en opleidingsinstansies, lewensvaardighede, lewenslange leer, onderwys en opleiding, lewensopvoeding, metodes en aanbiedings oor lewensoriëntering.

LRVK 521 LEERDERREGTE EN -VERPLIGTINGE (16 krediete)

3 uur 40:60

Die student moet by die afhandeling van dié leereenheid kan aantoon wat: die regte van die leerder is; die verpligtinge van die leerder is; die onderwyser se aanspreeklikheid is ten opsigte van die leerder se veiligheid.

NCHK 511 MATERIE EN STOICHIOMETRIE: NATUURWETENSKAPPE (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module wat basiese beginsels van chemie, atoom- en molekulêre struktuur, chemiese reaksies en toestande van materie insluit, behoort die leerder in staat te wees om konstruktiewe leer in basiese chemie te fasiliteer, praktykrelevansie van inhoude aan te dui, en skoolgerigte toepassings van inhoude prakties te kan aanbied of fasiliteer.

**NCHK 521 REAKSIES EN ELEMENTE VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS
(16 krediete)**

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module wat eendersyds die beginsels van reaktiwiteit soos onder andere in ewewigsreaksies, suur-basis reaksies, neerslag reaksies en elektrochemie behandel en andersyds 'n inleidende studie van die Chemie van hoofgroep elemente en hulle verbindings en Organiese Chemie insluit, behoort die teikengroep in staat te wees om probleemoplossings te hanteer en dit sinvol oor te dra aan hulle leerders. Die teikengroep behoort verder in staat te wees om aan die hand van inhoude wetenskaplike inligting te kan analiseer, krities te evalueer en te integreer en hierdie vaardighede prakties aan hulle leerders te kan oordra.

NDNK 521 DIDAKTIEK VAN NATUURWETENSKAP (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van dié module wat die onderrig in die didaktiek van Natuurwetenskap behels, behoort die onderwyser in staat te wees om die beginsels van entrepreneurskap (kreatiwiteit) aan leerders oor te dra. Die onderwyser sal in staat wees om behoorlike lesbeplanning, evaluering en werkskemas te kan opstel en uitvoer. Die onderwyser sal op hoogte wees van alternatiewe opvattinge en moderne teorieë in Natuur- en Skeikunde, konstruktivisme, psigologiese grondslae, begripskartering en assessering in uitkoms gerigte onderwys. Die onderwyser sal ook in staat wees om goeie laboratorium-organisasie en -bestuur toe te pas. Die onderwyser sal bekend wees met onderrigmetodes in Natuur- en Skeikunde, eweknie-leer / groepwerk, pre- en miskonsepsies, kurrikulering en goeie wetenskaplike kommunikasie.

NDSK 521 DIDAKTIEK NATUURWETENSKAP INTERMEDIËR (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder behoort na afloop van die module sy kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer ten opsigte van essensiële aspekte van onderrig, leer en hulpmiddele wat in die Natuurwetenskap op intermediêre en seniorvlakke gebruik word. Die leerder sal ook in staat wees om sy verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Natuurwetenskap in die AOO- band toe te pas.

NDWK 521 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder behoort na afloop van die module sy kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer ten opsigte van onderrig-en leerstrategieë , sowel as tegnologiese- en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde. Die leerder behoort ook sy begrip van hoe om Wiskunde probleme in die werklike lewensituasie op te los aan sy leerders oor te dra en hoe om sy leerders ook entoesiastiese probleemoplossers te maak.

NDWK 522 DIDAKTIEK VAN WISKUNDE (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder behoort na afloop van die module sy kennis, vaardighede en waardes te kan demonstreer ten opsigte van onderrig- en leerstrategieë , sowel as om tegnologiese- en leerhulpmiddele vir die leer van Wiskunde op intermediêre en seniorvlakke te kan gebruik. Die

leerder sal ook in staat wees om sy verworwe kennis en vaardighede betreffende die hulpmiddele en strategieë in die onderrig van Wiskunde in die AOO- band toe te pas.

NEBK 511 DIE AARDE EN DAARBUTE VIR WETENSKAP (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Geografie en Geologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.

NECK 521 ENERGIE EN VERANDERING VIR WETENSKAP (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module sal die leerder in staat wees om die ontwikkeling van temas rondom energie en verandering, die noodsaaklike aspekte van Fisika en verwante leerervarings, in die AOO-band te fasiliteer.

NFSK 511 FISIKA: MEGANIKA VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module wat die basiese begrippe van Newtonse meganika, bewegingswette, krag, momentum, energie, drywing, kinematiese vergelykings, warmte, vloeimeganika, golfmeganika, atoom en kern-fisika insluit, behoort die onderwyser in staat te wees om konstruktiewe leer van die verskillende fasette van meganika en die praktiese toepassings in die alledaagse lewe, te kan fasiliteer.

NFSK 521 ELEKTRISITEIT VIR NATUURWETENSKAPONDERWYS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module wat die beginsels van elektrostatika, elektrodinamika en elektromagnetiese induksie behandel, behoort die onderwyser in staat te wees om hierdie beginsels van elektrisiteit aan sy leerders te kan oordra om hulle te bemagtig om wetenskaplike, sosiale en bedryfsverwante probleme te kan oplos.

NLLK 521 LEWE EN LEWENSWYSE VIR WETENSKAP (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na die voltooiing van die module toegerus wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Plantkunde, Dierkunde en Fisiologie wat op leef en lewe betrekking het, in die AOO-band te fasiliteer.

NMMK 521 MATERIE EN MATERIALE VIR WETENSKAP (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na die voltooiing van die module in staat wees om die ontwikkeling van temas van alle essensiële aspekte van Chemie betreffende materie en materiaal, in die AOO-band te fasiliteer.

NWPK 511 GETALONTWIKKELING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om deur middel van fasilitering 'n sin vir syfers en breuke by sy leerders te ontwikkel, asook om die vier tipe berekenings in die AOO-band te fasiliteer.

NWPK 512 GRONDSLAE VAN ALGEBRA (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die fundamentele beginsels van Algebra by sy leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK 521 MEETKUNDIGE ONTWIKKELING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die geometriese konsepte by sy leerders tuis te bring deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWPK 522 GRAFIKA EN DATAHANTERING (AOO-band) (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die verwerking van probleemoplossingsvaardighede betreffende interpretasie van grafieke en statistiese data aan sy leerders oor te dra deur middel van fasilitering in die AOO-band.

NWSK 511 GRONDSLAE VAN WISKUNDE (16 krediete)

3 uur 40:60

Die leerder sal na afloop van hierdie module in staat wees om die fundamentele beginsels van algebra, funksieteorie, analitiese en Eucliediese meetkunde en die toepassing van hierdie beginsels aan sy leerders in die AOO-band deur fasilitering oor te dra.

NWSK 512 PROBLEEMOPLOSSING IN WISKUNDE (16 krediete)

3 uur 40:60

After completion of this module the teacher should be able to facilitate the development of problem solving skills involving of the following equations: the solution of polynomial, exponential and logarithmic equations and systems of linear equations is discussed, as well as the axiomatic system for plane geometry involving circles and theorems in mathematical and real-life contexts by learners in the FET band.

NWSK 521 KEGEL- EN PERIODIESE FUNKSIES (16 krediete)

3 uur 40:60

After completion of this module the teacher should be able to facilitate the mastering of the different facets of trigonometry and conics and their application to real-life situations by learners in the FET band.

NWSK 522 OPTIMERING EN STATISTIEK (16 krediete)

3 uur 40:60

Completion of this module should enable the teacher to facilitate the introduction of these powerful mathematical tools (an introduction to calculus and simple probability theory and their application to rate of change, optimisation and statistical problems respectively) to learners in the FET band to empower them to solve scientific, social and commercial related problems.

OBAK 521 ONDERWYSBESTUURAREAS (16 krediete)

3 uur 40:60

Learners will be able to: demonstrate and apply knowledge of human resource management with reference to personnel selection and placement, induction and evaluation for purposes of staff development; demonstrate knowledge of the juridical requirements for the handling and generation of school finances and to apply the budget as a management tool; demonstrate knowledge of the role of statutory and non-statutory bodies in the collection, handling and generation of school finances.

OBRK 521 ONDERWYSBESTUURSREG (16 krediete)

3 uur 40:60

Die student moet by die afhandeling van dié leereenheid kan aantoon, watter regsaspekte in ag geneem moet word by die bestuur van 'n skool, insluitend: vergaderingsprosedure; beheerliggaam; skoolfinansies; diskresie.

OBTK 511 ONDERWYSBESTUURSTAKE (16 krediete)

3 uur 40:60

Learners will be able to: show knowledge and understanding of the basic role of the educational leader and the management team in implementing education policy and in the development of school policy with the involvement of stakeholders; demonstrate elementary knowledge and understanding of the educational leader's management tasks with regard to planning, decision making, coordination and controlling in the context of a participative and democratic school milieu involving stakeholders; demonstrate knowledge and understanding of the communication process and its impact on the school-community relations as well as individuals' relations within the school; demonstrate knowledge and understanding of the external and internal factors impacting on the motivation and demotivation of educators in the light of content motivation theories.

ORAK 511 ONDERWYSREG, -STELSELS EN –ADMINISTRASIE A (8 krediete)

1½ uur 40:60

Aan die einde van hierdie module moet die student kennis , vaardighede en insig demonstreer met betrekking tot die skool as organisasie en die onderwys as professie. Verder moet die student die onderwyser se verhouding met sy/haar werkgever kan ontleed deur veral te fokus op die diensvoorwaardes van die onderwyser.

ORAK 521 ONDERWYSREG, -STELSELS EN –ADMINISTRASIE B (8 krediete)

1½ uur 40:60

Aan die einde van hierdie module moet die student kennis , vaardighede en perspektief kan

demonstreer om as bestuurder in die onderwys op te tree. Die student moet ook die nodige kennis van die onderwysreg demonstreer betreffend te alle tye korrek op te tree as onderwysers wat betref sy/haar regte en verpligtinge. Verder moet die student ook bewus wees van die besondere eise wat aan die beginneronderwyser gestel word en die nodige strategieë kan implementeer om sy/haar toegang tot die professie so effektief moontlik te laat verloop.

ORGK 521 ONDERWYSREG (GEVORDERD) (16 krediete)

3 uur 40:60

The learner will be able to: demonstrate elementary knowledge in the use and application of different sources of educational law; demonstrate knowledge of the juridical basis for the educational authority, caring-supervisory and *in loco parentis* role of the educator, involvement of parents in the school; demonstrate knowledge of the respective rights and responsibilities of the educator and the education department in the work situation

ORLK 511 ONDERRIG EN LEER A (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders hulle kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig en leer te demonstreer deur: onderskeidelik die inligtingverwerkings- en konstruktivistiese benaderings tot leer te beskryf en met mekaar te vergelyk; die kognitiewe, metakognitiewe en motiveringsveranderlikes wat bydra tot effektiewe leer te beskryf en te ontleed; die bydrae van 'n interaktiewe onderrigbenadering, met inbegrip van koöperatiewe leermodelle en geskikte onderrigleermetodes en –media, en kontinue assessering tot effektiewe onderrigleerstuasies te beskryf, ontleed en te illustreer.

ORLK 521 ONDERRIG EN LEER B (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders hulle kennis, begrip en vaardigheid ten opsigte van onderrig, leer en die kurrikulum te demonstreer deur: effektiewe leer te ontleed aan die hand van 'n model van die effektiewe leerder; motivering volgens die attribusieteorie en selfdoeltreffendheidsoortuigings kan verduidelik en ontleed; die bydrae van effektiewe kurrikulering, soos vergestalt in die kurrikulumsiklus, tot doeltreffende onderwys te beskryf, ontleed en te illustreer.

ORPK 511 REGSTELLING VAN OPVOEDINGSPROBLEMATIEK (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort leerders te demonstreer dat hulle die nodige kennis, vaardighede en waardes bemeester het om kinders met besondere onderwysbehoefte te identifiseer en te plaas ten opsigte van beeld en voorkoms. Metodes en doelgerigte, gespesialiseerde programme word aangewend om regstelling te bewerkstellig.

ORTK 511 REGSTELLING VAN DISHARMONIESE ONDERRIGMOMENTE (16 krediete)

3 uur 40:60

'n Studie van disharmoniese onderrigmomente soos vergestalt in die onderrighandeling te wete leerders, onderwysers en onderriginhoud. Na voltooiing van hierdie module behoort die leerders die nodige kennis en waardes kan demonstreer deur kinders met leerprobleme te

identifiseer met inagneming van elkeen se bereikte en bereikbare niveau. Vaardighede in programme van regstelling word ook gedemonstreer.

OSRK 511 ONDERWYSORGANISASIES (16 krediete)

3 uur 40:60

The learners will be able to: demonstrate elementary ability to analyse and apply selected education management models and approaches with particular reference to the management task-area model; demonstrate knowledge of the national and international management practices with regard to education management development of senior personnel in the education system; demonstrate elementary knowledge and understanding of the school as an organisation its characteristics of the school as an organisation and to apply different views of the school as an organisation and to evaluate these views from a transcendental-critical viewpoint; demonstrate elementary knowledge and understanding of the school climate and culture, establishment and facilitation thereof, the management of change and the improvement of the quality of the work life of educators; to demonstrate a basic theoretical knowledge of the functioning of the components of an education system in the context of influencing determinants in the first and third worlds in order to compare own and other education systems.

RIDO 511 REKENARTEGNOLOGIE IN DIE ONDERWYS (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module behoort die leerder te beskik oor kennis van die basiese werking van die rekenaar, vaardigheid in die gebruik van 'n bedryfstelsel, woordverwerking-, sigblad- en grafika pakket sowel as die internet en elektroniese pos. dit behoort deur die leerder prakties in onderwysgerigte toepassings gebruik kan word.

RIDO 512 DIE REKENAAR IN SKOOLADMINISTRASIE EN BESTUUR (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module behoort die leerder 'n skoolrooster met behulp van 'n rekenaar te kan ontwerp, 'n databasisprogram te kan hanteer ten einde data en inligting sinvol te manipuleer en te bestuur binne 'n onderwys omgewing en die skool se administrasie met behulp van 'n rekenaar te kan doen.

RIDO 513 REKENAARNETWERKE EN DIE INTERNET VIR DIE ONDERWYS (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module behoort 'n leerder oor die nodige kennis, vaardigheid, gesindheid en waardes te beskik om 'n rekenaarnetwerk sinvol binne die onderwys te kan gebruik, internet en elektroniese pos tot voordeel van die onderwys en die kind te kan aanwend, bestuur en gebruik.

RIDO 524 REKENAARARGITEKTUUR IN DIE ONDERWYS (8 krediete)

1½ uur 40:60

Die leerder moet na voltooiing van die module kennis en insig toon in die komponente waaruit die rekenaar bestaan, argitektuur vereistes en hoe dit die aankoop van apparatuur beïnvloed, basiese foutopsporing en -hantering van die rekenaar kan verrig binne die skool.

RIDO 525 REKENAARBEGINSELS EN DIE ONDERWYS (8 krediete)

1½ uur 40:60

Na voltooiing van die module behoort die leerder oor die nodige kennis, vaardigheid, waardes en gesindhede te beskik om 'n kritiese evaluering te maak van geskikte rekenaarprogrammatuur en -apparatuur vir die onderwys en die implikasies vir die aankoop van apparatuur en programmatuur deur die skool. Kennis, vaardigheid en begrip moet gedemonstreer word van die term rekenaargesteunde onderrig en toetsing en die sinvolle toepassing daarvan in die onderwys.

RMPK 521 STUDIE VAN REMEDIËRINGSPROGRAMME VIR DIE PRAKTYK (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet leerders praktiese insig demonstreer ten opsigte van remediëringsprogramme en terapieë met inagneming van implisiete en eksplisiete doelwitte. Vaardighede in onderhoudvoering, observasie, diagnostisering en verslagskrywing word gedemonstreer.

RWOP 511 REKENAARBEGINSELS (32 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van die werking van die rekenaar, die ontwikkeling van rekenaarstelsels en die impak wat dit op die samelewing het, rekenaarargitektuur, getalgestelsels, datavoorstellings-tegnieke, datavloei, logika beginsels en bedryfstelsels. Verder behoort die leerder in staat te wees om die nodige kennis, vaardigheid en begrip te demonstreer van verskillende rekenaarpakette wat gebruik kan word in die onderwys. Die leerder sal in staat wees om dié programme te evalueer ten opsigte van die bruikbaarheid in die onderwys, etiese en funksionele oorwegings, toepassingswaarde en finansiële oorwegings. Kennis, vaardigheid en begrip ten opsigte van die analise van 'n probleem, probleemoplossingsvaardighede, die ontwerp van 'n algoritme om 'n probleem op te los en elementêre programmeringsvaardighede in 'n hoëvlaktaal sal gedemonstreer moet word. Die leerder moet in staat wees om dié tegnieke aan leerlinge te kan oordra.

RWOP 512 SKOOLGERIGTE PROGRAMMERING (32 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstreer van basiese programmeringsvaardighede in Turbo Pascal wat insluit die definiëring van vektore, rekords, prosedures en funksies, lêerhantering en die gebruik van eenhede in programmering te einde elementêre stelsels te ontwerp. Verder behoort die leerder in staat te wees om visuele programontwerp met behulp van objekgeoriënteerde programmeringskonsepte uit te voer. Dit sluit in die gebruik van lus-, keuse-, en herhalingstrukture, prosedures, funksies, elementêre stelsels en skoolgerigte toepassings.

RWOP 521 DATAKOMMUNIKASIE EN DATABASISSE (32 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module behoort die leerder in staat te wees om kennis, begrip en vaardigheid te demonstreer in die gebruik van 'n rekenaar netwerk en die internet. Dit sluit in die verskillende tipes netwerke; maniere en medium van datakommunikasie; netwerktopologie

en datahantering binne 'n netwerk. Die leerder behoort verder begrip te toon van die kort- en langtermyn implikasies van die internet vir die onderwys en die sinvolle gebruik daarvan in die onderwys kan demonstree. Verder behoort die leerder in staat te wees om kennis en begrip te demonstree van die ontwerp van 'n relasiedatabasis, wat insluit kennis van data integriteit, -sekuriteit en -geldigheid, die beplanning van die ontwerp van 'n databasis, normalisering van data, skep van tabelle en relasies en die gebruik van Microsoft Access as relasiedatabasis programmatuur vir die praktiese ontwerp van 'n databasisstelsel met skoolgerigte toepassings.

RWOP 522 REKENAARSTUDIE-ONDERRIG (32 krediete)

3 uur 40:60

Na afloop van hierdie module behoort die leerder vaardigheid te demonstree ten einde Rekenaarstudie vakinhoud effektief te kan onderrig. Dit sluit in kennis, begrip en vaardigheid van die huidige ontwikkeling op die gebied van onderrig, leer en assessering binne Rekenaarstudie op skool; kennis en begrip van skoolsillabusse, programmering in skoolvoorgeskrewe hoëvlaktaal, opstel van toetse, memorandum, assesseringswyses; voorbereiding, lesbeplanning, klasdissipline en die praktiese aanbieding van 'n Rekenaarstudieles. Verder behoort die leerder die kennis, vaardigheid en begrip te demonstree wat nodig is om 'n rekenaarlokaal in te rig, te bestuur en instand te hou en rekenaarprogrammatuur en -apparatuur te evalueer, aan te koop en te installeer. Dit sluit in kennis, vaardigheid en begrip van virushantering, foutopsporing, finansiële bestuur van 'n rekenaarlokaal, netwerkadministrasie, die gebruik van die internet, rekenaarsekuriteit en ramphantering.

SAFK 511 LINGUISTIEK EN SOSIOLINGUISTIEK VIR ONDERWYSERS (16 krediete)

3 uur 40:60

Die student behoort bewys te kan lewer van kundigheid ten opsigte van skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, morfologie, semantiek en sintaksis en in staat te wees om sodanige aspekte in verskillende gesproke en geskrewe tekste te identifiseer, toe te pas en binne die skoolsituasie vir leerders toeganklik en bruikbaar te maak; kennis van, vaardighede ten opsigte van en waardering vir sosiaal-geïnspireerde variasie binne Afrikaans te toon ten einde in staat te wees om binne multi-kulturele skoolsituasies die gepastheid van registerspesifieke taalgebruiksvorme te beoordeel en om leiding te gee ten opsigte van die gebruikskontekste daarvan.

SANK 521 VERWERWING VAN AFRIGTERS EN EERSTEHULPKWALIFIKASIE (16 krediete)

3 uur 40:60

Leerders moet hulle kennis, vaardighede en insig demonstree deur 'n noodhulpeksamen te slaag.

Van die leerders wat die GOS-program met spesialisering in Bewegingskunde volg, word verwag om 'n amptelike noodhulp- en afrigterskwalifikasie te verwerf wat beide teoretiese en praktiese eksaminering insluit. Die suksesvolle verwerwing van genoemde twee kwalifikasies is verpligtend vir die afhandeling van die kursus en leerders moet daarop let dat dit ekstra finansiële implikasies inhou aangesien van geakkrediteerde kundiges van buite die fakulteit gebruik gemaak word.

SDEK 521 VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN ENGELS-ONDERWYS (16 krediete)

3 uur 40:60

Learners demonstrate knowledge, competencies and values regarding various theoretical and practical aspects of English didactics. This includes theories on second language acquisition and the application of the theory in language skills of reading, speaking, writing and listening.

SPKK 511 'N MULTIDISCIPLINÊRE PERSPEKTIEF OP SPORT (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terrein: 'n multidisiplinêre studie van sport wat die volgende subdisiplines insluit: Inleidende Sportfisiologie, - Sportfilosofie, - Sportsielkunde, - Sportsosiologie en - Sportbestuur. Die student moet na suksesvolle afhandeling van die spesialisingsmodule in staat wees om vakspesifieke kennis, vaardighede en relevante waardes te demonstreer. 'n Verpligte praktiese sessie word in die skoolvakansie saam met die module BOPK 511 aangebied.

SPKK 511 'N MULTIDISCIPLINÊRE PERSPEKTIEF OP SPORT (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende: 'n multidisiplinêre studie van sport wat die volgende subdisiplines insluit: Inleidende Sportfisiologie, - Sportfilosofie, - Sportsielkunde, - Sportsosiologie en - Sportbestuur. Die student moet na suksesvolle afhandeling van die spesialisingsmodule in staat wees om vakspesifieke kennis, vaardighede en relevante waardes te demonstreer. 'n Verpligte praktiese sessie word in die skoolvakansie saam met die module BOPK 511 aangebied.

SPRK 521 ALGEMENE SPORT- EN REKREASIEBEGINSELS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op eerstens 'n sport- en tweedens 'n rekreasie-leereenheid. Die **sportleereenheid** behels kennis en praktiese toepassing van die belangrikste afrigtingsbeginsels ten opsigte van basiese opvoedkundige gimnastiek. Die student sal na afloop van hierdie eenheid kennis hê van onder meer algemene bewegingspatrone, vaardigheidsontwikkeling, die veiligheid van fasiliteite, apparaatimprovisasie of modifisering en die voorkoming en rehabilitasie van algemene beserings.

Die **rekreasieleereenheid** bestaan uit konsepte rakende rekreasie, spel en vryetydsbesteding wat die leerder moet toepas in programbeplanning, -organisasie en leierskap ten opsigte van die aanbod van rekreasieprogramme.

SSGK 521 SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1910-1999) (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreer op die volgende terreine : tendense rakende die volgende temas uit die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis; sosiale en ekonomiese veranderinge in 'n moderne Suid-Afrika; politieke ontwikkeling van die blankes, 1902-1948; die opkoms van Afrikanermag, 1934-1961 en die konsolidasie en krisis van blanke oppergesag,1961-1990;

Georganiseerde politiek onder swartes, 1912-1990; Georganiseerde swart-arbeid: die vakbondwese, 1918-1990.

SVDK 521 VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN SETSWANA-ONDERRIG (16 krediete)

3 uur 40:60

At the end of this module the student should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding outcomes based teaching of language, methods, activities, techniques and creativity in the facilitation of language teaching and learning with regard to listening, speaking, reading and writing.

SVDK 522 TOEGEPASTE VAKDIDAKTIEK VIR SETSWANA-ONDERRIG (16 krediete)

3 uur 40:60

The facilitator should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the designing and presentation of learning experience(micro teaching), evaluation, assessment, facilitation resources and the organisation of Setswana as a subject.

SWHK 511 GEVORDERDE SETSWANA TAALKUNDE (16 krediete)

3 uur 40:60

At the end of the module the learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding semantic analysis of words and sentences, show different types of meaning, and analyse words and sentences syntactically and morphologically.

SWHK 512 GEVORDERDE SETSWANA LETTERKUNDE (16 krediete)

3 uur 40:60

At the end of the module the student should be able to show knowledge, skills and values regarding genre of prose; poetry and drama with specific reference to Education.

VATK 511 VAKDIDAKTIESE ASPEKTE VAN TAALONDERRIG (16 krediete)

3uur 40:60

Die student behoort bemaatig te word om die Beleidsdokument as uitgangspunt te kan gebruik vir die fasilitering van leer binne die TGK-leerarea; begrip van die betekenis van UGO-terme soos kritieke uitkomst (KU's), spesifieke uitkomst (SU's) en assesseringskriteria (AK's) te bekom en in staat te wees om dit sinvol binne die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te kan gebruik om leerders te begelei tot die bemeestering van taalvaardighede; toepaslike assesseringsvaardighede te bekom en in staat te wees om leerervarings te beplan en te struktureer (o.a. met die oog op proefonderwystydperke).

VATK 522 TOEGEPASTE VAKDIDAKTIEK VAN AFRIKAANS: INTERMEDIËRE EN SENIOR FASE (16 krediete)

3 uur 30:40

Die student behoort in staat te wees om die kennis en vaardighede wat deur die loop van die voorafgaande module verkry is binne die intermediêre en senior fase toe te pas in die begeleiding van leerders tot die verwerwing van toepaslike taalvaardighede in Afrikaans; om in ooreenstemming met die holistiese en geïntegreerde benaderingswyse van die UGO-model die

verwerwing van Afrikaanse taalvaardighede volgens bepaalde faseorganiseerders te kan beplan en fasiliteer.

VBSK 511 VERKEERSBESTUURSTELSELS (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreeer op die volgende terreine : verkeersbestuurstelsels en die wet; oorsprong en die rasionaal van die k53 voertuigbestuurstelsel; padtekens, padverkeersreëls en regulasies; bestuurder taak analise; defensiewe bestuur; bestuurder opvoeding en verantwoordelikheid.

VGAK 511 VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS A (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreeer op die volgende terreine: onderrig en leiding aan leerders van Geskiedenis in die formatiewe waarde en praktykgerigte fokus van Geskiedenis. Met behulp van die nodige kennis, insig en praktiese ervaring wat verkry is in die evaluering van gepubliseerde geskiedenis werke behoort die leerder ook met meerdere insig rakende vertolkingswyses, en die wyse waarop 'n kritiese ingesteldheid hierteenoor in 'n leerontmoetingsituasie toepaslik gemaak kan word, enige leerinhoud te kan benader.

VGAK 521 VAKDIDAKTIEK GESKIEDENIS B (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreeer op die volgende terreine: die wyse waarop die leerontmoetingsproses in geskiedenisonderrig benader sou kon word, sinvolle jaarbeplanning van leerinhoud, die vorme en wyses van die toepassing van 'n verskeidenheid van vaardigheidsgerigte onderrigbenaderings; van historiese bronne en assesseringstegnieke.

VODK 521 BOEKHOUDING EN GELETTERDHEID VIR VBO (16 krediete)

3 uur 40:60

At the end of the module the student should be able to show knowledge, skills and values of the basics of bookkeeping and to be able to facilitate this as a skill to ABET-learners Level 1,2 &3

VOVK 521 VOLWASSENE ONDERWYS EN VERKEERSVEILIGHEID (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en waardes demonstreeer op die volgende terreine: die kosep, afbakening van die terrein, die volwassene as leerder, veranderlikes wat 'n invloed op leer uitoefen, leerstyle, implikasies van volwassene leer vir onderwys en opleiding.

VVKK 511 DIE MENS AS PADGEBRUIKER (16 krediete)

3 uur 40:60

Na voltooiing van hierdie module moet die leerder sy verworwe kennis, vaardighede, insig en

waardes demonstreer op die volgende terreine: die verskillende kategorieë van padgebruikers; kenmerke en beperkinge van elke groep padgebruikers, menslike faktore wat veilige deelname beïnvloed. Faktore wat bydra tot verkeersbotsings en die trauma wat verkeerslagoffers ervaar.

WGOK 511 WETGEWING IN DIE ONDERWYS (16 krediete)

3 uur 40:60

Die student moet by afhandeling van dié leereenheid kan aantoon hoe: die grondwet die Suid-Afrikaanse onderwysbedeling beïnvloed; algemene Suid-Afrikaanse wette, die Suid-Afrikaanse onderwys beïnvloed; die onderwyswette die Suid-Afrikaanse onderwys beïnvloed.

MODULE OUTCOMES

OO.3.2 NATIONAL PROFESSIONAL DIPLOMA IN EDUCATION (NPDE)

**ABAN 116 ABET: INTRODUCTION TO ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(16 Credits)**

F/C 3 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the disadvantaged adult, the principles and values for ABET, ABET levels and certificates, the medium of instruction, the White Paper on Education, the IEB and the NQF.

**ABAN 126 ABET: LITERACY FOR ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(16 Credits)**

F/C 3 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding literacy for levels 1 and 2 learners as well as the unit standards and Outcomes Based Education.

**ABAN 216 ABET: LITERACY FOR ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(8 Credits)**

F/C 1½ hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding literacy for level 3 learners as well as the unit standards. They should be able to demonstrate that they are able to design and plan learning experiences based on Outcomes Based Education.

**ABAN 226 ABET: NUMERACY FOR ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(8 Credits)**

F/C 1½ hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding numeracy for levels 1 and 2 learners as well as the unit standards and Outcomes Based Education.

**ABAN 316 ABET: NUMERACY FOR ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(8 Credits)**

F/C 1½ hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding numeracy for level 3 learners as well as the unit standards. They should be able to demonstrate that they are able to design and plan learning experiences based on Outcomes Based Education.

**ABAN 326 ABET: ASSESSMENT FOR ADULT BASIC EDUCATION AND TRAINING
(8 Credits)**

F/C 1½ hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the assessment of learners in terms of correct placement in levels as well as continuous assessment.

ABXN 226 ABET DIDACTICS: TEACHING LITERACY TO ADULTS (16 Credits)

F/C 3 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the teaching of reading and writing to illiterate adults.

ABXN 326 ABET DIDACTICS: TEACHING NUMERACY TO ADULTS (16 Credits)

F/C 3 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the teaching of numeracy to illiterate adults.

AFDN 221 VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS: UGO-GERIGTE ONDERRIG VAN TAALVAARDIGHEDE (16 krediete)

F/C 2 uur 40:60

Die leerder behoort 'n oorsig oor die UGO-benadering, soos van toepassing op die TGK-leerarea, te kan bekom en geskikte leermateriaal vir UGO-leerervarings binne verskillende kontekste en op verskillende vlakke te kan saamstel.

AFDN 321 VAKDIDAKTIEK AFRIKAANS: PRAKTYKGERIGTE UGO BINNE DIE TGK-LEERAREA (16 krediete)

F/C 2 uur 40:60

Die leerder behoort inleidende kennis te bekom van die verskillende taal- en kommunikasievaardighede, leermateriaal te kan identifiseer waardeur die taal- en kommunikasievaardighede in funksie gestel kan word, leerders tot bemeestering van die taal- en kommunikasievaardighede te kan begelei en leerders volgens assesseringskriteria en assesseringstandaarde te kan assesseer.

AFRN 119 AFRIKAANS: DIE ONTSLUITING VAN LITERÊRE TEKSTE: 'N INLEIDING (16 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort kennis oor toepaslike literêre aspekte vir die ontsluiting van gedigte (1904-1930), kortverhale en eenbedrywe te bekom; die vaardigheid te verwerf om voorbeeldgedigte en –kortverhale, sowel as eenbedryftipes (TV-, verhoog- en radiodramas), te kan analiseer, begryp en waardeer; en behoort ook in staat wees om soortgelyke gedigte, kortverhale en eenbedrywe te kan analiseer ten einde dit binne die skoolsituasie vir leerders toeganklik te kan maak.

**AFRN 129 AFRIKAANS: SPELNORME BINNE DIE ONDERWYSPRAKTYK
(16 krediete)**

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort kennis te bekom van universele en interne taalnorme en in staat te wees om aan die hand van relevante naslaanbronne taalversorging van outentieke leerder- en ander tekste ten opsigte van hoëfrekwensie-spellingkwessies en interpunksie te kan doen.

**AFRN 219 AFRIKAANS: SEMANTIESE VERSKEIDENHEID EN ONTSLUITINGS
TEGNIEKE (8 krediete)**

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort kennis te bekom oor woordeboektipies en in staat te wees om sodanige naslaanbronne (veral binne die skoolsituasie) te ontgin om volledige begrip van 'n verskeidenheid tekste moontlik te maak; kennis en vaardigheid ten opsigte van skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse semantiek te bekom en in staat te wees om sodanige kennis te gebruik om verskillende tekste vir leerders toeganklik te maak; waardering te toon vir die effek van suiwer taalgebruik op effektiewe kommunikasie en op die sosiale aanvaarbaarheid van taalgebruik.

**AFRN 229 AFRIKAANS: LITERÊRE TEKSTE: ONTSLUITINGSVAARDIGHEDE
(8 krediete)**

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort kennis oor toepaslike literêre aspekte vir die ontsluiting van poësie (1930-1960), kortverhale oor en uit verskillende suid-afrikaanse subkulture en moderne eenbedrywe (tragedies, komedies en klugte) te bekom; die vaardigheid te verwerf om voorbeeldtekste uit hierdie genres as literêre kunswerke te kan analiseer en waardeer en om leerders binne die skoolprogram te kan lei om relevante spesifieke uitkomst te kan bereik.

**AFRN 319 AFRIKAANS: DIE ONTSLUITING VAN KONTEMPORÊRE LITERÊRE
TEKSTE (8 krediete)**

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort in staat te wees om voorbeeldtekste uit die kontemporêre Afrikaanse poëtieskat, roman- en dramakuns as literêre kunswerke te kan ontsluit en waardeer sodat hy/sy leerders binne die skoolsituasie tot insig en waardering van sulke tekste kan lei.

**AFRN 329 : AFRIKAANS: MONDELINGE EN SKRIFTELIKE STILISTIESE
VAARDIGHEID (8 krediete)**

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort kennis te bekom van die stilistiese verskeidenheid van afrikaans en in staat te wees om die gepastheid van verskillende styltipies binne verskillende kontekste te kan beoordeel en ook stilistiese vaardigheid binne 'n verskeidenheid kommunikasiesituasies kan demonstreer.

AGDN 221 PREPARATION FOR LITERACY AND NUMERACY (16 Credits)

F/C 2 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding school readiness, perception and handwriting in the Foundation Phase.

AGDN 321 ADMINISTRATION AND ORGANISATION FOR LITERACY AND NUMERACY (16 Credits)

F/C 3 hours 40:60

Learners should be able to demonstrate knowledge, skills and values regarding the administration and organisation of the Foundation Phase classroom as well as essential aspects of Health.

AKPN 117 AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: HOËFUNKSIETAAL GEBRUIK IN VERSKILLENDE (KON)TEKSTE (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort hoëfrekwensie Afrikaanse woorde korrek te kan spel en die spelwyse daarvan ooreenkomstig die Afrikaanse spelreëls te kan verklaar; taalversorging van outentieke leedertekste te kan doen; die waarde van 'korrekte' taalgebruik vir effektiewe kommunikasie te kan begryp ten einde leerders tot sinvolle interaksie te kan bemagtig; verskillende betekenisgebruike van Afrikaanse woorde te begryp en vir leerders toeganklik te kan maak; uitgebreide kennis oor hoëfrekwensie-woordgebruiksfoutte te hê ten einde in staat te wees om die funksies en effektiewe gebruik van Standaardafrikaans aan leerders te kan oordra.

AKPN 118 AFRIKAANS NIE-MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: LAEFUNKSIE-KOMMUNIKASIE IN VERSKILLENDE SITUASIES (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die leerders (d.i. praktiserende onderwysers wat oor 'n breër agtergrondkennis van Afrikaans beskik as jong matrikulante) behoort na afhandeling van hierdie module in staat te wees om gesproke Afrikaans in verskillende sosiale situasies te verstaan en sinvol daarop te reageer; elementêre Afrikaanse tekste met begrip te kan lees en die woordeboek vir die ontsluiting van meer gevorderde tekste te kan gebruik; in Afrikaans op neutrale en emotiewe kommunikatiewe stimuli te reageer; Afrikaanse sinsboutegnieke in 'n verskeidenheid skryfstukke toe te pas en kultuurspesifieke agtergrondkennis in multi-kulturele skoolsituasies te benut.

AKPN 127 AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: HOËFUNKSIETAAL GEBRUIK IN VERSKILLENDE (KON)TEKSTE (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort hoëfrekwensie Afrikaanse woorde korrek te kan spel en die spelwyse daarvan ooreenkomstig die Afrikaanse spelreëls te kan verklaar; taalversorging van outentieke leedertekste te kan doen; die waarde van 'korrekte' taalgebruik vir effektiewe kommunikasie te kan begryp ten einde leerders tot sinvolle interaksie te kan bemagtig; verskillende betekenisgebruike van Afrikaanse woorde te begryp en vir leerders toeganklik te kan maak;

uitgebreide kennis oor hoëfrekwensie-woordgebruiksfoutte te hê ten einde in staat te wees om die funksies en effektiewe gebruik van Standaardafrikaans aan leerders te kan oordra.

AKPN 128 AFRIKAANS NIE-MOEDERTAALKOMMUNIKASIE: LAEFUNKSIE-KOMMUNIKASIE IN VERSKILLENDEN SITUASIES (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort na afhandeling van hierdie module in staat te wees om gesproke Afrikaans in verskillende sosiale situasies te verstaan en sinvol daarop te reageer; elementêre Afrikaanse tekste met begrip te kan lees en die woordeboek vir die ontsluiting van meer gevorderde tekste te kan gebruik; in Afrikaans op neutrale en emotiewe kommunikatiewe stimuli te reageer; Afrikaanse sinsboutegnieke in 'n verskeidenheid skryfstukke toe te pas en kultuurspesifieke agtergrondkennis in multi-kulturele skoolsituasies te benut.

AKPN 217 AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: AFRIKAANS IN SKOOLKONTEKS EN IN GESKREWE VORM (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort bewys te kan lewer van kundigheid en vaardigheid t.o.v. die taalgebruik in verskillende vak-en leerareaspesifieke kontekste (registers en style) en binne skoolkommunikasiesituasies (ouer teenoor onderwyser, vergadering- en verslagtaal); oor die verlangde kommunikasievaardighede in Standaardafrikaans beskik om leerders te kan lei om die spesifieke uitkomst van die leerarea Taal, Geletterdheid en Kommunikasie te kan bereik; kennis te dra van gepaste skryfstyl vir verskillende kontekste en in staat te wees om hierdie kennis, sowel as ander verworwe taalkennis, by die uitvoering en beoordeling van leerderskryfopdragte toe te pas.

AKPN 218 AFRIKAANS NIE-MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: NIE-MOEDER TAALAFRIKAANS IN SKOOLKONTEKS (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

Die student behoort na afhandeling van hierdie module in staat te wees om in 'n klaskamersituasie (en binne ander sosiale situasies) sinvolle dialoë oor 'n verskeidenheid skoolprogramverwante onderwerpe te kan voer; verworwe woordeboekvaardighede en verskillende leestegniese te kan benut om 'n verskeidenheid Afrikaanse tekste te kan verstaan; kerngedagtes te kan identifiseer en saam te vat; tussen feite en menings en tussen geldige afleidings en veralgemenings te kan onderskei; persoonlike sienings te kan motiveer en hoëfrekwensiespellingkwessies te kan hanteer.

AKPN 227 : AFRIKAANS MOEDERTAAL KOMMUNIKASIE: AFRIKAANS IN SKOOLKONTEKS EN IN GESKREWE VORM (8 krediete)

F/C 1½ uur 40:60

